

Polisse is nooit belastingvry nie

Ek kyk vandag kortliks na drie kwessies rakende finansiële beplanning: lewenspolisse en belasting, testament en eksekuteur.

'n Leser skryf dat 'n versekeringsagent hulle verseker het lewenspolisse betaal belastingvry uit by dood. Ná haar pa se sterfte het die eksekuteur - 'n familielid - die polisopbrengs onder die kinders verdeel nog voordat die boedel afgehandel is. Nou moet hulle derduisende rande elk in die boedel inbetaal om boedelbelasting te dek.

Polisse is nooit belastingvry nie. Dis een van die grootste leuens wat verkondig word.

Belasting - inkomstebelasting - word in die polishouersfonds gehef op groei in die fonds. Kortom: Jy betaal dit.

By uitbetaling van 'n lewenspolis is dit, omdat dit reeds betaal is, vry van verdere inkomstebelasting (uitgesluit sommige maatskappypolisse).

Dit val in die boedel as 'n geagte bate en is onderhewig aan boedelbelasting, ongeag of dit aan die boedel self uitbetaal, of direk aan 'n begunstigde. Ongelukkig verstaan baie versekeringsagente dit skynbaar nie en dit kan lei tot onaangename verrassings vir kliente, of soos in die geval van die leser, vir naasbestandes.

Wat my bring by my eerste punt. Die feit dat 'n agent - ek noem hulle nie finansiële raadgewers nie, want baie van hulle is verkoopsmense - vir 'n groot en bekende maatskappy werk, is nie versekering teen swak finansiële raad nie.

Die eksekuteur in dié geval het eweneens gefouteer. Dis vir my 'n bewys van onkunde. Jy kan nie geld uitbetaal voordat alle boedeverpligtinge nagekom is nie. In hierdie geval het die polis bykomende boedeverpligtinge geskep - die ekstra boedelbelasting - wat uitgewys sou gewees het as die oorledene vanuit die staanspoor 'n kundige finansiële beplanner geraadpleeg het.

In goeie trou, glo ek, het hy 'n polis gekoop. Die probleem is, hy is skynbaar nooit verduidelik oor die verreikende gevolge daarvan en van ander verbandhoudende sake, soos erflatings, belastings, skuldverpligtinge en so meer nie.

My boodskap vandag is eenvoudig: Jou finansiële beplanning begin by 'n plan. Nie met die koop van 'n polis nie. Goeie bedoelings beteken niks. By dood word jou hele bestaan toegedraai in een enkele finansiële baadjie. En net jy kan bepaal watter nut daardie baadjie gaan hê vir jou naasbestandes. Hoe kom nie maar finansiële kundigheid inkry terwyl jy nog iets daaraan kan doen nie?

Dieselfde geld die aanstelling van 'n eksekuteur. Ek hoor baie treurmares van lesers wat aan my skryf omdat pa sy vriend, makelaar, of kind as eksekuteur aangestel het. Dan is dit te laat. Dis nie 'n liefdestaak nie. Die storie dat die eksekuteur ná dood in jou skoene moet staan, is sentimentele twak.

Hy of sy staan nie in jou skoene nie. Wat die eksekuteur moet doen, is om jou opdragte in jou testament uit te voer, niks anders nie. En hy moet dit doen binne 'n wetlike raamwerk, wat geen genade toon vir onnosel besluite in jou lewe nie.

Wat my bring by die testament. Dis jou laaste sê, moenie kortpad (lees: goedkoop) probeer loop nie. Jy kan nie sake verander as jy dood is nie. Jy kan nie verduidelik nie.

'n Finansiële plan moet al hierdie los elemente saamvat in 'n geheel. Polisse, 'n testament, beleggings ensovoorts, bring net vals gemoedsrus as daar nie volgens 'n plan gewerk word nie. Dan is dit net los stukke wat soos in die leser se geval finansiële skokke vir naasbestandes teweeg kan bring.

■ **Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen**

Nico van
Gijsen



Raad met jou rande